

Pres. Paul Kruger se 200ste verjaardag herdenk:

Die werk waarmee begin is, sal voortgesit word



Die voormalige president van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR), Paul Kruger, se 200ste verjaardag op 10 Oktober, het nie ongesiens verby gegaan nie, alhoewel hy nie die eerste ZAR-president wat in Suid-Afrika gebore is, was wat hierdie mylpaal behaal het nie.

Alhoewel hy nooit amptelik president van die ZAR was nie, maar wel opgetree het as politieke en militêre leier, sou Andries Pretorius al in 1998 200 jaar oud gewees het, en sy seun, Marthinus Wessel Pretorius, eerste president van die ZAR en stigter van Pretoria, sou in 2019 al 200 jaar oud gewees het.

Paul Kruger het egter uitgestaan as 'n besondere staatsman sodat sy verjaardag sedert 1910 'n openbare vakansiedag was, bekend as Krugerdag.

Later het die Helderdag geword, egter steeds op Paul Kruger se verjaardag.

Kruger se statuur in die wêreld, was feitlik ongewenaard in sy tyd. Selfs die oud Rykskanselier van Duitsland, Otto von Bismarck, het oor president Kruger gesê: "Nie ek nie, maar die eer kom daardie ou Boer van Pretoria toe dat hy die grootste staatsman van ons tyd genoem kan word".

Krugerdag word egter steeds in Afrikanernasionalistiese kringe jaarliks herdenk, ten spyte van die feit dat die ANC-bewind dié dag sedert 1994 van die kalender van herdenkingsdae verwyder het. Jaarliks is daar by Paardekraal 'n herdenking op 10 Oktober,

(Vervolg op bladsy 3)

Die Redakteur

Rondskuif van die stemme

Die totstandkoming van nog politieke partye of bewegings, laat mens soms dink aan die musiekspeletjie, wat in Engels “Musical Chair” genoem word. Die deelnemers bly dieselfde maar die stoele word minder.

Patricia de Lille, wat selfs al lid was van meer politieke partye as Andries Beyers, na wie mnr. Jaap Marais destyds al verwys het as die “politieke trekvoël”, is alweer onderweg na die volgende een.

De Lille se Good-party, wat glad nie meer so goed doen nie, Rise Mzanzi en oud-DA-leier, Mmusi Maimane se Bosa, het ooreengekom op ‘n proses om in aanloop tot die 2029-algemene verkiesing een party te word. Hulle kan dit nog nie nou doen nie, want dan verloor hulle hul

parlementêre en provinsiale setels. Hulle wil wel onder hul nuwe naam, Unite for Change, aan volgende jaar se plaaslike regeringsverkiesing deelneem.

Patricia de Lille wat nou een van die mede-leiers is, ly skynbaar aan ‘n politieke identiteitskrisis. Eers was sy betrokke by die radikaal-linkse PAC, na ‘n paar omswerwinge beland sy ‘n tyd lank by die DA maar het aspirasies gehad om self ‘n partyleier te word, en stig toe Good. Omdat sy saam met Cyril Ramaphosa se ANC in die eenheidsbed gesprong het, is sy darem beloon met ‘n ministerspos.

Wat gaan die Unite for Change anders wees of anders doen as die ANC of die DA? Gaan hulle hoop om meer swart stemme te trek?

Die laaste algemene verkiesing het al gewys dat die groot stemblokke bly maar aan dieselfde kant. Die ANC het veral steun verloor na die MK van Zuma, terwyl die EFF al vroeër steun weggeneem het van die ANC omdat laasgenoemde as te gematigd beskou word.

Selfs voor die totstandkoming van die ANC-gedomineerde veelparty koalisieregering, het ons al by herhaling gewys op die ooreenkomste tussen die beleide van die ANC en die DA, soos grondhervorming, transformasie, swart ekonomiese bevoordeling, die afkraak van die verlede en die blamering van die Blankes wat alles verkeerd sou gedoen het.

Die DA het wel effe steun van die swart kant af gekry, maar eintlik weer van sy blanke steun van die VF Plus herwin. Volgens Politicsweb het 43% van die DA se steun vanuit die blanke geleedere gekom, 20% van die bruin kiesers, slegs 18% van die swartes en 9% van die Indiërs.

Die DA word daarom steeds as ‘n blank-gedomineerde party gesien, wat moeilik daarin gaan slaag om noemenswaardige swart steun te trek.

Daar word baie gepraat van die sogenaamde swart middelklas, wat dalk nie by die ANC, EFF of MK tuis voel nie, maar wat waarskynlik net so min tuis sal voel onder ‘n blank-gedomineerde DA, met sy leier wat deesdae een van die lofsangers van Ramaphosa is.

Unite for Change sal dalk probeer om hierdie moontlik vloeibare stem te trek, dis te sê as Patricia de Lille nie juis die politieke voëlverskrikker gaan wees as gevolg van haar rondvally. Immers, hoe lank gaan dit duur voordat sy weer ‘n nuwe politieke tuiste gaan soek? Dalk sou Ramaphosa die Unite for Change ‘n guns doen as hy haar maar ambassadeur maak in die vakante pos in Parys.

Aan die regterkant is daar die 235-Beweging wat ook wil deelneem aan die plaaslike regeringverkiesings. Ook dié beweging word gelei deur persone wat al verskeie politieke stoele vol gesit het, en dan is ook daar die onsekerheid wanneer daar weer opgepak word op pad na iets nuuts.

Die 235-Beweging wil, net soos die DA, VF Plus, ANC en al wat politieke party is, fokus op dienslewering op plaaslike vlak. Al wat dus gebeur is dat daar nog ‘n mededinger is met dieselfde doelwit. Al verskil is dat hulle baie sterk staan op die beginsel van selfbeskikking vir die Afrikaner – iets wat lank laas van die VF Plus gehoor is, en waarskynlik die rede is waarom laasgenoemde steun teruggegee het aan die DA, want duidelik en diepgaande verskille word al minder. Die 235-Beweging het dus wel ‘n kans om nog steun van die VF Plus weg te rokkel, en selfs van die regsgeinde DA-kiesers te lok.

Kiesers kyk egter na die rekord van leiers, en onstandvastige leierskap, beide in terme van beginsels of beweging oor partygrense heen, skep nie baie vertroue nie.

Hoe dit ook al sy, blanke kiesers (behalwe Carel Niehaus) stem vir hoofsaaklik blanke partye, en swart kiesers vir swart partye.

Ongelukkig is volksnasionisme die laaste dertig jaar sodanig gediskrediteer, en het feitlik almal sku geword vir Afrikanernasionalisme. Nasionisme word vanuit die linkse hoek “populisme” genoem – ‘n nuut geskepte politieke vloekwoord.

Daarom sal enige party of groep wat vir die Afrikaner in die bres wil tree, moet help om volkstrots en volksnasionisme op te bou. Dit is die enigste vaste basis vir selfbeskikking en uiteindelijke vryheid. Dit beteken dat daar weer ‘n trots op ons geskiedenis gebou moet word, en dat ons moet ophou om verskonings te vra, en ophou om weg te skram van die begrip apartheid. Dit laat die HNP steeds uitstaan as dié vegter vir Afrikanernasionalisme, gebou op die Christelike fondament.

Die werk sal voortgesit word

(Van bladsy 1)

maar hierdie jaar se hoogtepunt was die onthulling van 'n replika van die Kruger-beeld op Kerkplein in Pretoria, op Orania. Die een en 'n half ton replika is vanaf Pretoria na Orania vervoer op 'n simboliese toer wat verskeie dorpe aangedoen het.

Die Afrikaner het in die vorige uitgawe berig dat, ten spyte van reëlings in dié verband, die beeld ter elfder ure toegang geweier is op die Pukke se kampus in Potchefstroom, waarskynlik om politieke korrektheid voor te kom teenoor die ANC en EFF, wat deesdae groot invloed daar uitoefen.

Die beeld is op Orania onthul op 10 Oktober tydens 'n feestelike atmosfeer.

Intussen is daar steeds kommer oor die oorspronklike beeld op Kerkplein, wat al hoe meer beskadig word en waarvan die herstel toenemend moeiliker word. Die FAK het al 'n aanbod gemaak dat die oorspronklike koper beeld na die Voortrekkermonument terrein verskuif word vir veilige bewaring, en dat hulle sal betaal vir 'n replika van sintetiese materiaal, wat geen herverkoopswaarde het soos koper nie. Die stadsraad het nog nie op daardie aanbod geantwoord nie.

Intussen is daar 'n sterk gevoel dat die Kruger-beeld op Kerkplein moet bly.

Kerkplein staan simbolies in die hart van die Afrikanervolk. By die oprig van 'n monument, gedenkteken of standbeeld, gaan dit oor meer as net die persoon, naamlik die simboliek. Pres. Kruger is as sentrale figuur in die middel van sy vier burgers geplaas en nie alleen nie, as simbool van die sentrale posisie wat hy inneem as vader van sy volk, en ook van die Republikeinse vryheidsgedagte wat in hom beliggaam word as kosbaarste pand, wat deur die Boervolk van alle tye bewaar en bewaak word. Dit weet die vyand ook, en vandaar hulle aanslag teen die beeld.

Om die Kruger-beeld totaal weg te neem van Kerkplein, sal ewe simbolies beteken dat Kruger se re-

publikeinse vryheidsgedagte verwyder en versmoor sal word. Hy was vir die wêreld die versinnebeelding van die Boer, die Boer se strewe na vryheid en onafhanklikheid, en van geloof en moed. Pres. Kruger self sou nooit die weggee van geboortegrond goedgekeur het nie.

Pres. Kruger se laaste boodskap aan sy volk vanuit Clarens in Switserland op 29 Junie 1904, dien nou nog as riglyn en motivering vir die huidige en opkomende geslagte:

“Wie hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: Soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en trag om vir die toekoms daardie ideaal te verwesenlik.

“Dit is waar: Veel van wat opgebou is, is tans vernietig, verniel en gevalle. Maar met eenheid van wil en eenheid van kragte kan daar weer opgerig word wat tans in die stof lê.

“Vergeet nooit die ernstige waarskuwing wat lê in die woorde ‘verdeel en heers’ en sorg dat hierdie woorde nooit op die Afrikaanse Volk van toepassing sal wees nie. Dan sal ons volk en ons taal steeds bloei.

“Wat ek self nog daarvan sal aanskou of beleef, lê in Gods hand. Gebore onder 'n Engelse vlag, wens ek nie om daaronder te sterf nie.

“Ek het geleer om by die bittere gedagte te berus dat ek as 'n balling in die vreemde die oë sal sluit, byna heeltemal alleen, ver van bloedverwant en vriende wat ek waarskynlik nooit weer sal sien nie, ver van die land waaraan ek my lewe gewy het om dit vir die beskawing te open en waar ek 'n eie nasie sien ontwikkel het.

“Maar die bitterheid sal versag word as ek die oortuiging kan bly koester dat die werk waarmee begin is, voortgesit sal word. Want dan sal die hoop en die verwagting dat die einde van die werk goed sal wees, my staande hou.”

Inderdaad sal Paul Kruger se werk, vryheid vir sy volk, voortgesit word al is dit deur 'n handjie vol Bittereinders.



Woord en wêreld

Hoe verander ek om meer na die Beeld van Christus te verander?

Deur Dr. Gideon Grobler



Skrifgedeelte: Ef. 2:10 *Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.*

Oordenking: Die verhaal oor hoe Paulus in Efesiërs betrokke geraak het, kan in Handeling 19 gelees word. Oor die aard van die stad kan ons ook in Openbaring en die brief aan Efesiërs lees. Dit was 'n groot stad met 'n mengelmoes van mense daar. Dit was ook 'n sentrum vir die aanbidding van die meeste Griekse en Romeinse gode.

Paulus bring omtrent twee jaar daar deur met 'n baie effektiewe bediening dáár.

Jare later, wanneer hy deur die Romeine in die tronk gegooi is, skryf Paulus hierdie brief aan die Efesiërs.

Die brief is in twee baie duidelike dele verdeel:

1. In die eerste deel wys hy hoe die wêreld geskiedenis van die oudste tye af gevorm is en ontwikkel is om in die Evangelie, 'n alle tye hoogtepunt te maak.
2. Die tweede helfte van die brief word met die woord "DAAROM" aan die eerste helfte gekoppel. Hier wys Paulus uit hoe die Evangelie verhaal, 'n effek op elke deel van ons lewens moet hê!

Die eerste drie hoofstukke vertel Paulus vir elkeen wat die brief lees hoe God die wêreld geskiedenis beplan en laat verloop het dat dit alles neerkom op Jesus Christus. Hoofstukke 4-6 gaan dit oor hoe ons wat Hy gelowig gemaak het, hulle lewens vir Hom moet verander.

Ons teksvers sê dit, maar só is daar nog baie dele van die Bybel wat dit sê: Ons is gekies om vir Hom tot eer, tot goeie werke te wees!! *"Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel."*

Joh. 15:16 *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.*

Die eerste drie verse van die gedeelte lees:

1 *En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes* 2 *waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,* 3 *onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.*

Hoor ons mooi wie ons was?! In dié toestand kon ons ook niks doen wat God sou behaag nie/ bly maak nie. Rom. 8:7. *omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.*

Dan lees ons in verse 4 tot 10 hoé Hy ons verander het en hóékom! Hy haal die hart van klip (wat Hom nie kan eer nie) uit sy kinders, en gee vir hulle 'n hart van vlees om vir Hom te kan doen wat die teksvers sê! *"... geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, ..."*

Nou is die vraag: Hoe gemotiveerd is ek en jy om te verander in ons lewe voor God?

Wanneer die vraag gevra word: Hoe verander jy? Hoor ons so dikwels dat mense moedeloos word omdat hulle aanhoudend terugval! Mense wat regtig wil probeer, mense wat regtig gemotiveer is om te verander,... wat moedeloos raak! Meesal is dit omdat ons nie verander soos die Bybel ons leer nie. Ons weet nie hoe nie!

Wanneer jy die mense begin uitvra oor wat hulle doen om te verander, hoor jy die volgende: "ek doen nie meer dit of dat nie!"; "Ek probeer nie meer vloek nie"; "ek lieg nie meer nie"; "skinder nie meer nie"; "ek probeer om nie meer bang te wees nie".

Hoor u die negatiewe manier waarop ons dit sê? So leer ons ook ons kinders: 'n Méns doen dit nie, of ... 'n kind van die Here doen dit nie, en 'n kind van die Here doen dat nie! Die enigste positiewe klanke wat ons dalk hoor is: Ek probeer meer Bybel lees, of ek gaan meer kerk toe.

Ons probeer God te eer deur sonde te vermy!

Hoe dikwels verloor ons nie moed nie, ons probeer verander, maar val aanhoudend terug! Die Woord wil ons leer dat ons moedeloos word, die gevolg is van ons verkeerde manier van probeer om te verander. Hierdie manier waardeur ons die sonde probeer vermy!

Ons het onder andere uit ons teks gehoor dat ons geroep is tot goeie werke, nie net die vermyding van sonde nie!

Die vierde hoofstuk wat handel ook hoe ons moet verander, gee sommer 'n mooi klompie duidelike en praktiese voorbeelde hiéror! Almal voorbeelde wat toon dat om God te behaag, nie net oor die vermyding van sonde gaan nie, maar goeie werke in die plek daarvan!

28 *Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.* (Vorige oordenking)

29 *Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.*

31 *Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.* 32 *Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.*

Ons hoor duidelik dat dit nie net gaan oor die ophou met die sonde nie, maar die doen van goeie werke in die plek van die sonde! In Romeine 12 skryf hy hieroor aan die Romeine: *“Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”* (21)

Gebod: *Hemelse Vader, skenk ons asseblief die toewyding en die kennis om voortdurend te verander, altyd meer en meer na die Beeld van ons Verlosser!*

AMEN

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone).

(Pensionarisse en lesers van [Die Afrikaner](#) kry spesiale afslag!)

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by vandegraafhenk@gmail.com of besoek ons op Facebook.



Kongrestyd kom nader



Die dagbestuur van die HNP het die datum vir vanjaar se kongres bekend gemaak.

Dit sal op 25 Oktober 2025 plaasvind in die kerksaal van die AP Kerk in Wonderboom, Pretoria.

Die hoofsekretaris van die HNP, mnr. Hermanus van der Schyff, wys daarop dat vanjaar se kongres 'n geslote kongres is slegs vir ingeskrewe lede van die HNP is. "Die jaar het verskeie strategiese beplanningssessies plaasgevind, en die resultaat daarvan moet voor die kongres gelê word sodat die lede daaroor kan besluit," sê mnr. Van der Schyff.

Mnr. Van der Schyff vra dat lede nie later nie as 19 Oktober 2025 moet bevestig as hulle die kongres gaan bywoon sodat die nodige reëlins getref kan word. Bevestiging kan geskied deur 'n e-pos te stuur na hnpvansa@gmail.com

Die voorlopige program sien soos volg daar uit:

- a. Registrasie: 08:30
- b. Opening: 09:00
- c. Verwelkoming: 09:20 - 09:25
- d. Lief en leed en mosie van roubeklag: 09:25 - 09:30
- e. Jaarverslag van die Voorsitter: 09:30 – 09:45
- f. Personeel en finansies: 09:45 - 10:00
- g. Moontlike wysigings aan die Grondwet van die party: 10:00 - 10:30
- h. Verkiesing van:
 - * Leier en onderleier
 - * Voorsitter en adjunk-voorsitter
 - * Dagbestuurslede 10:30 - 10:45
- i. Toespraak van die leier: 10:45 - 11:15
- j. Verversings: 11:15 - 11:45
- k. Strategiese beplanningssessie: 11:45 -12:10
- l. Bespreking: 12:10 - 12:50
- m. Afsluiting met laaste strofe van Die Stem.

Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

NP-leuens deel 3

Hermanus van der Schyff

Ek gaan verder met die leuens wat die Nasionale Party verkondig het om mense wat ontsteld was oor die oorgawe aan die kommunistiese ANC, te probeer paai net voor die 1992-referendum. Ongelukkig het die NP daarin geslaag om die meerderheid stemme vir hulle oorgawe oor te haal.

In hul vraag 3 vra hulle:

"Gaan blanke skole nie outomaties oop wees as die Wet op Groepsgebiede en die Bevolkingsregistrasiewet herroep word nie?"

"Antwoord: Nee, blanke skole sal nie outomaties oop wees nie. Selfs voordat die betrokke wette ingestel was, was gemeenskapsgerigte skole en moedertaal en kultuurgebonde onderwys 'n kenmerk van ons onderwys".

(My kommentaar: Het hulle nie gedink dat swartmense in voorheen blanke gebiede sal intrek en aanspraak sal maak om hul kinders na die naaste skole te stuur nie. En daarmee het die eise gekom dat die skole nie meer net Afrikaanse skole mag wees nie. Nou het ons selfs die Bela-wet wat blanke Afrikaanse skole basies toemaak. Hoe kon die NP nie die toekoms insien en ook die probleme wat daarmee saamgaan nie? En het ons volk so stik-sienig en liggelowig geword dat hulle vir hierdie stories geval het en gestem het vir die oorgawe aan die ANC?)

"n Toekomstige staatkundige bedeling:

"Die Staatspresident het daarop gewys dat ras in die toekoms nie as diskriminerende maatreël toegepas sal kan word nie. Hy het verder gestel dat daar in die toekoms voorsiening met gelyke staatssteun gemaak sal moet word vir die gemeenskappe wat eie skole wil bedryf. Dit beteken dus dat skole in die vervolg nie teen leerlinge uit ander groepe op grond van kleur sal kan diskrimineer nie, maar dat skole wat die eie gemeenskapslewe, die eie kultuur, eie taal en eie 'n etos wil bevorder, wel sal bestaan en dat die staat ruimte hiervoor sal skep.

"Die onderwys realiseer altyd op die plaaslike vlak - in gemeenskappe waar mense woon. Mense wat in gemeenskappe saamwoon het gewoonlik gemeenskaplike bande van taal en kultuur en 'n bepaalde etos.

"In enige toekomstige bestel sal skole derhalwe grotendeels op die basis van gemeenskaplike waardes en 'n gedeelde taal - en kultuurefenis funksioneer. Voordat die betrokke wette ingestel is, het skole op hierdie basis gefunksioneer. Daarom word in vooruitsig gestel dat moedertaal, kultuurgebonde onderwys in enige toekomstige staatkundige bestel steeds beskikbaar sal wees vir diegene wat dit wil hê."

(My kommentaar: Vir hierdie duimsuiery oor hoe die toekoms sou uitspeel, slaan ek net my hande saam. Hoe het hierdie mense in beheer van die regering geword? Slegs Roelf Meyer is nog daar en dit is tyd dat hy, as mede-onderhandelaar met die ANC, alles weggee het, verskoning vra. Hy behoort nou op te staan en verskoning te vra vir wat hulle aan die Afrikaner kinders gedoen het. Die Afrikaner kinders se skole word vernietig en hulle word die grootste wanvoorstellings van ons geskiedenis geleer. Het hy egter die wil en bewuswording van hoe sleg dit met ons Afrikaners gaan? Ek twyfel of hy ooit sal erken dat hulle die ergste politieke foute ooit in enige geskiedenis gemaak het. En hulle volgelinge kan ook maar om verskoning vra omdat hulle hierdie vreemde redes aanvaar het en meegehelp dat die ANC regeer.) —

WERDA GASTEHUIS

Uppington akkommodasie

Perfek vir 'n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6.

Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DSTV, 'n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van **Die Afrikaner**.

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za



**AfriSolar
Supplies**

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstraat 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin

- * Solar-produkte
- * Installasie van solar-sisteme

Axel Powroznik: 082 22 44 584

sales@afrisolarsupplies.co.za

facebook: AfriSolar Supplies



Fort Hare brand: Die Vuur Wat Nooit die Dorpsgebied Verlaat Nie



Ontevrede swart studente van die Universiteit van Fort Hare, wat deur die gehate “apartheidsregering” gebou is spesifiek vir Swartes, het toe besluit om hulle weer, soos in die meeste gevalle, tot geweld te wend, wat etlike miljoene rande beloop en daartoe gelei het dat dié universiteit, net voor die jaar se eindeksamens, vir onbepaalde tyd gesluit moet word.

Dit bied natuurlik die teelaarde vir die volgende rondte vandalisme, omdat hulle nie eksamens kan gaan kan skryf nie en hulle dus nie kan slaag nie.

Op sosiale media is daar heelwat goed wat versprei word waarvoor mens maar moet versigtig wees. Die onderstaande stuk, onder bostaande opskrif, het by **Sarel** in sy oorspronklike Engelse teks uitgekom, en is skynbaar geskryf deur ene Bulelo Tsotso – aan sy naam te sien nie iemand uit Afrikaner-geledere nie.

Tog gaan **Sarel** dit plaas met sy omsigtigheids-waarskuwing, dog die inhou kon maar netsowel deur enigiemand anders se pen gekom het. Uit ‘n waarskynlike swarte se pen, dra dit egter meer gewig.

Hy skryf: “Toe ek ‘n deel van Fort Hare Universiteit sien brand, het my hart gebreek – nie as gevolg van die geboue nie, maar as gevolg van wat daardie vuur verteenwoordig. Ons, as swart mense, het vernietiging in ‘n kultuur verander. Ons brand, breek en vernietig enigiets wat ons nie kan beheer of verstaan nie. Ons kom van die dorpsgebiede en landelike gebiede waar vuilheid, chaos en geraas ons daaglikse suurstof is – en ons sleep daardie duisternis oral saam met ons.

“‘n Vark is van nature die skoonste dier, maar nadat dit te lank in vuilheid geleef het, leer dit om dit lief te hê. Selfs wanneer dit vrygelaat word, hardloop dit terug na die modder – dis ons. Ons het soveel by chaos aangepas dat vrede vreemd voel. Ons vernietig skole, klinieke en strate asof as ons probleme kan oplos. Ons verbrand wat ons nodig het, huil oor wat ons verloor het, en herhaal dit dan môre.

“Ek sien dieselfde gedrag in die Parlement – swart lede wat skree, boe en gil asof ons in ‘n kroeg-geveg is, nie die huis van die reg nie. Die *Speaker* se pleidooie beteken niks, want orde is nie meer deel van ons kultuur nie. Ons strooi ons dorpe vol, maak eindelose geraas en noem wetteloosheid ‘vryheid’. Protes beteken vuur, klipgooiery en vullis op die pad. Tog brand die werklike probleem - die gebroke denkwyse - nooit in daardie vlamme nie.

“Selfs diegene wat uit die *townships* ontsnap - taxibestuurders, polisiebeamptes, selfs studente - dra dieselfde stof in hul gedagtes. Die *township* reis saam met ons. Die skaduwee vertrek nooit. En nou brand universiteite - die sogenaamde plekke van wysheid - ook. Ek het gedink onderwys sou die vuilgoed wegwas, maar die vuur volg ons ook daar.

“So ek gee op. Ek skryf dit nie om te beledig nie, maar om te ontbloot wat ek sien. Laat die nie-swart waarnemer ons sien vir wat ons geword het, en laat die swart leser besin - as hulle nog kan.”

• *‘n Stukkie waarheid, wat beskerm word deur ‘n land se grondwet wat sogenaamde menseregte beskerm en verdedig, ten koste van alle ander regte, insluitend die reg op lewe, die reg om te studeer. Die reg om in ‘n skoon omgewing te leer, die reg op vreedsame gemeenskapslewe. Die sogenaamde menseregte, wat eerder misdadigers-regte is, weeg hoër as al die ander. Daarom kan en sal verskillende volke eenvoudig nooit kan saambly nie – ons agtergrond, kulture en opvoeding verskil te drasties. Vryheid vir Ons Mense!*

Gespring of gestamp?

Die oorlede ANC-ambassadeur in Frankryk en voormalige onder andere polisie-minister, Nathi Mthethwa, is dus op belastingbetalersonkoste begrawe.

Ter agtergrond vir wie nie die links-beheerde nuus volg nie: Mthethwa is leweloos op die sypaadjie van ‘n hotel in Parys, Frankryk gevind. Hy het daar beland nadat hy op een of ander wyse uit sy suite op die 22ste verdieping van daardie hotel daar beland het.

Daardie hotel het nie vensters wat oopmaak nie. Daar is werkende lugversorging. Maar die venster is skynbaar met ‘n skêr oop geforseer.



Nie lank voor die episode, het die ambassadeur skynbaar aan sy vrou 'n skrywe gerig waarin hy te kenne sou gegee het dat die lewe te veel vir hom geword het, veral nadat die Natalse polisiekommissaris begin het om korrupsie en inmenging in die regering en regstelsel te ontbloot. Mthethwa se naam is sommer al vroeg-vroeg genoem as voormalige polisie-minister. Dus is dit inderdaad heel moontlik dat die lewe vir hom te veel, maar veral te warm, geword het. Dus is 'n beplande sprong die ewigheid in, inderdaad nie vergesog nie.

Die linkse en ANC-beheerde media bly meld dat hy uit die hotel "geval" het, wat seker regstegnies nie verkeerd is nie: al het hy self gesprong, het hy steeds geval...

Maar hier kom die kinkel in die kabel: Dadelik word Suid-Afrikaanse polisie-beamptes na Parys gestuur om die Franse polisie "te help met die ondersoek", so al asof daardie eerste wêreldse en hoogs bekwame polisie behoefte het aan hulp van grootliks stadige, oorgewig en onbekwame polisie-beamptes uit Suid-Afrika, wat die besondere rekord het dat hulle uit die sewentig moorde wat daagliks gepleeg word, slegs tien kan oplos!

Sarel reken hulle het net gegaan om te kyk of hulle die Franse polisie kan "oortuig" dat Mthethwa vermoor is, en nie selfmoord gepleeg het nie, om hom nie te sleg te laat lyk nie. **Sarel** reken egter dat daardie "oortuiging" nie gewerk het nie, want die Franse polisie is korrupsievry, en bowendien is die Suid-Afrikaanse rand hopeloos te min werd vir enige moontlike en toevallige korrupte Franse polisie-beampte.

• Sarel sou tog wou sien dat as Mthethwa inderdaad self gesprong het, sy familie die koste van die begrafnis moet dra en die geld wat gespandeer is daaraan, moet terugbetaal in die belastingkas. En sou dit blyk dat hy vermoor is, het Sarel geen twyfel daaraan dat die bekwame Franse polisie die moordenaar sal aankeer nie, en dan kan daardie moordenaar aanspreeklik gehou word vir die begrafnis koste, en bowendien betaal hy in Euro. Dus: 'n wen-wen situasie waaruit die belastingbetaler voordeel trek.

Wat van sterk opposisie?



Sarel het onderstaande mediaverklaring gekry van Heloïse Denner, waar sy voorgestel word as "VF Plus-raadslid: LP en kiesafdelingshoof vir Mafube-plaaslike munisipaliteit."

Sarel gaan die hele verklaring plaas met sy kommentaar daarby, nie om die persoon van die Denner dame, wat skynbaar haar bes doen om teen die onbekwaamheid-stroom te roei, by te kom nie, maar om te wys hoe verlamdend deelname aan die bestel kan wees.

Die verklaring lui: "Die VF Plus het 'n dringende beroep gedoen op die minister van samewerkende regering en tradisionele sake (Cogta), Velenkosini Hlabisa, om onmiddellik in te gryp by die Mafube-plaaslike munisipaliteit waar inwoners al byna nege weke wag vir 'n waterpomp om volhoubare watervoorsiening aan die munisipaliteit te bewerkstellig.

"Die Vrystaatse departement van Cogta het reeds in September aangedui dat 'n nuwe waterpomp binne 'n paar dae' beskikbaar sou wees, aangesien die munisipaliteit nie oor die nodige fondse beskik nie. Tog het daar nege weke later steeds niks gebeur nie.

"Die LUR, Saki Mokoena, het self bevestig dat die departement die pomp sou aankoop, maar tot op hede is daar geen vordering gemaak nie.

"Intussen verkeer inwoners van Frankfort, Villiers, Cornelia en Tweeling in haglike omstandighede, al is die munisipaliteit so te sê sedert 2017 onder provinsiale administrasie.

"Frankfort ontvang slegs sowat vyf ure water per dag, Cornelia is gereeld vir dae lank sonder water, en Villiers het geen chemikalieë vir watersuiwering oor nie. Die voorraad chemikalieë vir Frankfort, Cornelia en Tweeling sal na verwagting binne 'n week uitgeput wees.

"Intussen het dienslewering tot stilstand gekom. Voertuie staan weens 'n tekort aan diesel, salarisse van raadslede is steeds nie betaal nie en sal waarskynlik ook nie in Oktober of November betaal word nie. Die invorderingsyfer het boonop gedaal tot 14% - die laagste nog.

“Dit is duidelik dat die provinsiale ingrypings van die Vrystaatse Cogta misluk het. Mafube is vandag erger daaraan toe as vóór die sogenaamde ‘reddingsaksie’. Dit is onaanvaarbaar dat beloftes oor ’n enkele pomp nege weke lank nie nagekom word nie en dit terwyl inwoners sonder water sit.

“Die VF Plus het die minister versoek om die proses te fasiliteer om die pomp aan te koop en om deursigtigheid en verantwoordbaarheid van beide die provinsiale en munisipale bestuur te eis.

“Toegang tot skoon water is ’n grondwetlike reg en die voortdurende versuim van die owerhede om basiese infrastruktuur te herstel en te voorsien, is onaanvaarbaar.”

• **Sarel** het sommer baie kommentaar, maar wil begin met die laaste paragraaf:

• Inderdaad is daar ’n grondwetlike reg. Waarom dan, soos in die begin, “’n dringende beroep” doen op die (IVP) minister? As daar ’n reg is, vra jy nie, jy eis en dreig desnoods om hulle hof toe te vat!

• **Sarel** was redelik in die duister oor watse plek dit gaan... Mafube munisipaliteit... Stel ons voor aan bekende name sodat mens weet waaroor dit gaan, en meld terloops dat die ding se naam nou Mafube is.

• Die minister is versoek om ’n proses “te fasiliteer” om ’n pomp aan te koop! Werklik, die minister moet tussenganger wees om ’n nikswerd munisipale amptenaar te oortuig om sy werk te doen?

• As **Sarel** se afleiding korrek is, is dit dat die Denner dame, op die raad sit. Deelname word gereeld voorgehou as om by die tafel te sit en ’n verskil te maak, eerder as om aan die kantlyn te sit en blaf sonder impak. Hier lyk dit vir **Sarel** eerder na ’n geblaf van binne sonder enige impak.

• Ministers lees nie mediaverklarings nie. Maar as snoesige deelnemer aan die “regering van nasionale eenheid” kan die VF Plus se voormalige leier en tans minister in daardie snoesige RNE tog seker by sy kollega se kantoor instap (aangesien dié ook deel van die “opposisie” is) en die saak reguit bespreek?

Gevolgtrekking: wat beteken “deelname” behalwe ’n lekker raadslid salaris in die sak?

Libbies wen kleintjie, verloor grootte

Die ver-linkses, wat hulle voorgee as kampvegters vir ’n “liberale demokrasie”, soos dr. Piet Croucamp wat groter roem verwerf het oor sy hoofbedksel as sy politieke insig, is sekere pille net te groot om te sluk.

Soos dat die Amerikaanse president, Donald Trump, dit tog op sy eie reggekry het om ’n skiet-

staking tussen Israel en Hamas te bewerkstellig, wat veral insluit die uitruil van krygsgevangenes. In ’n onderhoud met RSG het Croucamp selfs erken dat Trump die regte benadering gevolg het tot die sukses.

Aan die ander kant is daar die linkse koor wat juig dat ’n onbekende en nooit-van-gehoorde Venezolaanse dame die Nobel-vredesprys voor Trump se neus weggeraap het.

• *Nou ja, wie is dus die egte vredemaker...?*

JuliAss uiteindelik skuldig



Die Owerste oor Tien van die rooipetbrigade, JuliAss Mal-Ema is uiteindelik so soort van aangekeer. In twee sake het hy sy spreekwoordelike agterstewe gesien sonder dat daar ’n spieël naby was. In die eerste een is hy die eerste keer aan haatspraak skuldig bevind, alhoewel dit nie gegaan het oor “kill the Boer, kill the farmer” nie. Tog het dié saak gewys dat JuliAss dus wel haatspraak kan pleeg, en nie so onskuldig is as wat hy hom wil voordoen nie.

In die tweede saak is hy skuldig bevind aan die afvuur van ’n onwettige vuurwapen in die openbaar, ten tye van sy rooipet-brigader se vyfde verjaardagviering, toe dit met dié spulletjie nog heelwat voorspoediger gegaan het as nou.



